Nuusbrief 194

26 Januarie 2015

Geagte Lede,

SAWPA wens u 'n voorspoedige en vreedsame 2015 toe

EU BIOCIDAL PRODUKREGULASIES

Die nuutste Europese Unie regulasies oor verduursaamde hout in onder SAWPA se aandag gebring. Lede wat uitvoer, of toekomstige planne het om verduursaamde houtprodukte uit te voer na Europa, mag dalk weer uself vergewis van die regulasies. 'n Uittreksel van die regulasies kan van SAWPA verkry word. Addisionele inligting kan ook by die volgende skakel verkry word.
http://echa.europa.eu/web/guest/information-on-chemicals/biocidal-active-substances

OMGEWINGSIMPAKSTUDIE REGULASIES 2014

Die Minister van Omgewingsake het nuwe regulasies rakende die omgewingsimpakstudies, onder deel 24(5) en 44 van die Nasionale Omgewingsbestuurswet, 1998 (Wet Nr,107 van 1998) in GoN 982 van 4 Desember 2014 gemaak. Tesame met die regulasies is Lysting-kennisgewings 1, 2 en 3 in onderskeidelik GoN 983, GoN 984 en GoN 985 van 4 December 2014 gepubliseer. Die kennisgewings handel oor die identifisering van bevoegde magtigingsinstansies asook die gelyste aktiwiteite in terme van deel 24(2) en 24D van die Omgewingsbestuurswet.

Die regulasies en lysting kennisgewings is effektief vanaf die 8ste Desember 2014. Lede wat belangstel om 'n afskrif van die bogenoemde dokumente te bekom kan gerus met SAWPA skakel.

SAWPA VERSOEK REGISTRATEUR OM ETIKET- EN SERTIFIKAATVEREISTES TE HERSIEN

SAWPA het onlangs 'n skrywe gerig aan die Registrateur van die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1947 (Wet Nr. 36 van 1947), waarin ons versoek dat sekere veranderinge en toevoegings tot die etiket- en registrasiesertifikate vir houtverduursamingsmiddele gemaak moet word.

Ons spreek ons bekommernisse uit rakende die tekort aan inligting wat op die etikette en sertifikate verskyn wat dan kan lei tot misbruik deurdat nie-goedgekeurde, substandaard en onaanvaarbare produkte bemark word aan die plaaslike gereguleerde industriële houtverduursamingsbedryf.

Die voorgestelde verandering en toevoegings vra in kort dat die etikette en sertifikate duidelik moet aandui of die chemikalie geregistreer is as nie-industriële (nie-SANS/selfdoen), of industriële (SANS-gesertifiseerde) houtverduursamingsmiddele. Verder moet dit ook wys wat die goedgekeurde doel of eind-gebruik en gevaarklas, aanwendingsmetode, gebruikerskriteria, sowel as handelsvereistes/beperkings is vir hout wat verduursaam is.

Die doel van die versoek aan die registrateur is dus tweërlei:

1. Om seker te maak slegs goedgekeurde en bewese verduursamingsmiddele word in die industriële houtverduursamingsbedryf verskaf en gebruik.
2. Om te help met die voorkoming van onwettige behandeling en verkoop van produkte in die handel wat nie aan die verpligte Nasionale standaarde voldoen nie.

HERSTRUKTURERING VAN REGULERINGSLIGGAME

'n Artikel in die Business Day van 20 Januarie getiteld *Regulatory bodies face restructuring,* het berig dat agentskappe wat onder die jurisdiksie van die Department van Handel val herstruktureer gaan word sodat hulle direk verantwoordbaar aan die department sal wees in stede van hulle eie raad van direkteure. Die artikel het die agentskappe wat reeds die herstrukturering ondergaan het genoem maar het ook die Nasionale Reguleerder van Verpligte Standaarde by name gelys as een reguleerder wat deur die loop van 2015 die herstrukturering sal ondergaan.

Volgens die Business Day het die vise-direkteur-generaal gesê dat 'n evaluasie ondersoek gevind het dat die agentskappe se direksies nie alleenlik onnodige uitgawes aangaan nie, maar dat hulle ook vinnige besluitneming wat reguleerders en die bedrywe wat deur hulle gereguleer word kortwiek. Volgens die koerant het sy ook gesê; "Ons vereis strukture wat dit makliker maak vir die entiteite om effektief te wees en nie onfunksioneel te wees nie".

Hopelik sal die beplande herstrukturering by die NRVS ook hulle effektiwiteit en vermoë om VC9092 te reguleer positief beïnvloed en 'n beduidende invloed hê op die steeds groeiende onwettige verduursamingsbedryf.

VERSOEK VIR 2014 JAARLIKSE STATISTIEK OP BEHANDELDE HOUTVOLUMES

Op die 22ste Januarie het SAWPA 'n e-pos versoek aan alle behandelingsaanlegte gestuur rakende die invordering en indiening van u 2014 behandelde houtproduksievolumes. Hierdie is vriendelike opvolgversoek vir u ondersteuning en samewerking. Soos in die e-pos genoem wil ons graag die 2014 statistieke teen einde Maart finaliseer en aan die bedryf beskikbaar stel. Indien daar enige navrae of bekommernisse is oor die proses is u welkom om met SAWPA te skakel. Ons wil graag vir die aanlegte bedank wat reeds op die e-pos van die 22ste gereageer het.

SAWPA PROMOSIE GEDURENDE 2014

Maand	Promosie aktiwiteit
Januarie:	- Adverteer op die SA Forestry 2014 kalender as deel van die Wood Foundation
	- Lys SAWPA in verskeie kategorieë op die forestry.co.za en timber.co.za (SSA) webtuistes
Februarie:	- Plaas artikel in SA Roofing en Timber IQ tydskrifte
	- Adverteer in SA Building Review
	- Bied praatjie aan by die 4de Wood Conference in Kaapstad
Maart:	- Adverteer en plaas artikels in Timber IQ, Wood SA & Timber Times en To Build tydskrifte
April:	- Adverteer in Earthworks en To Build tydskrifte
Mei:	- Adverteer in Timber IQ tydskrif
	- Skaf 2000 SAWPA kombinasie botteloopmaker/sleutelhouers aan as promosiegeskenke
	- Adverteer en plaas artikel in "The How To of Building-" gids
Junie:	- Adverteer in 2014 Woodex for Africa tydskrif en die Interbuild katalogus
	- Stal uit by 2014 Woodex for Africa skou
	- Hernu die 10 kategorie-lysting op "Agri24" webtuiste: www.agri24.co.za
	- Herdruk alle SAWPA doen-dit-self brosjures vir voorraad
Julie:	- Plaas 3 strook advertensies en 'n artikel oor die 2013 statistieke in Wood SA & Timber Times
	- Adverteer en plaas artikel in To Build tydskrif
	- Plaas 'n banier op To Build en SA Roofing webtuistes vir 6 maande
	- Adverteer in die Forest Directory
Augustus:	- Stal by beide Cape Construction Expo en Interbuild in Johannesburg uit en lewer praatjie.
	- Adverteer in Earthworks tydskrif
	- Plaas artikel in SA Roofing tydskrif
	- Adverteer en plaas artikel in jaarlikse PUBLICWORX konstruksiegids
September	- Adverteer in Wood SA & Timber Times, Home Handyman and Timber IQ tydskrifte
	- Borg 'n Wendy-huis aan 'n kinderhuis in oorleg met Home Handyman tydskrif
	- Verkry advertensiespasie op die 2015 Wood SA tafelkalender

Oktober:
- Plaas strookadvertensie in die Home Handyman tydskrif
- Borg die publikasiekoste van die Guide to Thatching. Sluit verwysing en advertensie in
- Adverteer in Timber IQ, SA Roofing, en Earthworks tydskrifte

November:
- Hernu plasing van ons handelsmerk en onbeperkte kategorieë op Forestry SA webtuiste
- Adverteer en plaas artikels in To Build, Top Roof en Home Handyman tydskrifte
- Versprei +/- 1600 kalenders aan lede, argitekte, koöperasies, plaaslike owerhede en landskappraktisyns
  Bestel nog 1000 rolle van die veiligheidsetikette
- Adverteer in die Oos-Kaap Homemakers Fair tydskrif

Desember:
- Adverteer in Earthworks en Timber IQ tydskrifte
- Bespreek 'n maandblad op die Wood SA & Timber Times 2015 tent kalender
- Plaas strook advertensie met 4 blad Doen-dit-self dek-artikel in die Home Handyman tydskrif
- Bespreek advertensiespasie op die 2015 Forestry SA tafelkalender
- Bespreek advertensiespasie op die 2015 Timber IQ jaarbeplanner

SAWPA STAL UIT BY EKSPO IN FEBRUARIE

SAWPA stal vanaf 26 Februarie tot 1 Maart by die 2015 Johannesburg Homemakers Ekspo uit. Die Ekspo word by die Dome aangebied. Dit sal ons eerste poging wees by 'n ekspo wat direk gemik is op die algemene publiek. Ons vertrou dat dit sal help met die opvoeding en bewusmaking van behandelde hout en sy kenmerke aan die bree publiek en sien uit om ook van ons lede daar te sien.

NUUSBROKKIES

- Besoeke aan die SAWPA webtuiste gedurende Desember 2015 was 33515.
- Mnr. Henk Zonnestein, die streekvoorsitter van SAWPA in die Suid-Kaap, en 'n welbekende en gerespekteerde rolspeler in ons bedryf met 'n magdom van kennis en ondervinding soek na 'n beroepsgeleentheid in die bedryf. Belangstellendes kan Henk se kontakbesonderhede by SAWPA aanvra.
- "The Fire Managers Handbook on Veld and Forest Fires" is beskikbaar vanaf die South African Institute of Forestry (SAIF). Die bestelvorm kan afgelaai word by www.saif.org.za/index.php?page=forestry-handbook of kontak vir Corine Viljoen by saif@mweb.co.za
- Neem kennis dat ons amptelike webtuiste nou slegs www.sawpa.co.za is. Die ou www.sawpa.org.za sal steed bereikbaar wees maar sal slegs dien om die besoeker te herlei na die nuwe skakel.

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.